Highveld • Hoëveld Tribune

Community Newspaper • Gemeenskapskoerant
The Newspaper that CARES • Die Koerant wat OMGEE

Ermelo, Piet Retief, Breyten, Chrissiesmeer, Morgenzon, Bethal, Trichardt, Amersfoort, Amsterdam, Lothair

Jaar / Year 4 - Uitgawe / Issue 173 | Dinsdag / Tuesday - 3 November 2009 | **FREE / GRATIS**

Tel: 017 - 811 8248 | Faks / Fax: 017 - 811 8249 | E-pos / E-mail: info@

LA'MACHRI
Financial Services CC
Individual Solutions / Individuele Oplossings
CFP

SA Best Practice
Of The Year Award
Finalist 2009

Die Finansiele Dienste Maatskappy, La'Machri Financial Services, is gekies as een van die Top 10 finaliste van die SA Praktyk van die Jaar toekenning 2009.

Hierdie gesogte toekenning vereer onafhanklike finansiële adviesdienste maatskappye wat op die mees professionele wyse bedryf word. Die kompetisie word gereel deur Celetis Praktyk Bestuur, en Business Health, 'n Australiaanse raadgewende firma wat spesialiseer in beplanning van finansiele dienste verskaffers. Die kompetisie word ondersteun deur 'n aantal vername produk verskaffers en assosiasies, nl. Ou Mutual, Sanlam, Liberty, Masthead, ASISA, Prudential en Coronation.

Die SA Praktyk van die jaar Toekenning evalueer die standaarde van die praktyke. Hul gee erkenning aan instansies wat voldoen aan die hoogste standaarde van besigheidsbestuur, advies en dienslewering wat gedemonstreer kan word in hul daaglikse prosesse. La'Machri is een van tien finaliste wat gekies is uit 130 maatskappye in Suid-Afrika. Die finaliste het 'n omvattende besigheids oudit deurgaan in September. Die wen praktyk was van Johannesburg en aangekondig tydens 'n gala geleentheid in Gauteng op 27 Oktober 2009.

La'Machri is gesetel in Bethal onder leiding van prinsipaal, Miempie Langdon, CFP - asook 'n takkantoor in Ermelo waar Anell Mey die finansiele adviseur is. Volgens die webwerf www.sa-venues.com het Bethal se naam sy ontstaan van gedeeltes van die name van susters, Elizabeth du Plooy en Alida Naude. Dit is daarom van pas dat die SA Praktyk van die jaar, finalis van dié dorp in Mpumalanga, die enigste "all girl" en plattelandse praktyk is wat deurgedring het tot die Top 10 ! Spesiale erkenning is gegee vir hul administrasie en uitsonderlike gebruik van die Kliente sisteem, @work.

Miempie Langdon se 12 jaar versekerings ondervinding word weerspieel in die kwaliteit van advieslewering ten opsigte van Finansiele en Boedelbeplanning, Beleggings en toepaslike versekeringsprodukte. Hul hanteer ook die Administrasie van Bestorwe Boedels.

La'Machri het ingeskryf om hul kliente waarde proposisie te vergelyk met praktyke van Suid-Afrika. Hul kan ná hierdie toekenning met groot vertroue kliente bedien wat objektiewe, deskundige en vertroulike finansiele beplanning benodig.

Skakel ons vandag vir jou "Individuele oplossing"

www.lamachri.com
Bethal kantoor : 017 647 6244 – 082 823 3394
miempie@machri.co.za
Ermelo kantoor : 017 811 7711 – 071 679 6914
anell@machri.co.za